**Psalm 121   GOD IS ONS ENIGSTE HULP EN HOOP!   Sat. 28 Mrt 2020**

Hierdie Psalm is deur die Pelgrims gesing op pad na Jerusalem.
Hulle het dit gesing om daarmee te erken … God is hulle enigste hulp en hoop.

- God beskerm hulle.
- God beskerm hulle op aarde.
- God beskerm hulle tot in die hemel.

Geliefde broeders en susters en kinders, die werklikheid van die inperkings begin nou eers by ons insink en posvat. Dit is maar die 2de dag van 21 dae van inperking. Die berigte wat ons oor die radio en televisie en media kry is nie positief nie. Daar is vandag 28 Maart 2020 amptelik 1170 positief getoets en 2 dood in Suid Afrika. Wêreldwyd is 592 945 geïnfekteer, 26 991 is oorlede en 130 732 het gesond geword. Hierdie syfers kan en gaan dramaties wêreldwyd en in Suid Afrika styg. ‘n Hele land en die hele wêreld is op sy knieë gedwing.

Vir ons as christene is daar egter ‘n troos wat groter en meer omvattend is as enige-iets wat die wêreld kan bied. Soos die pelgrimgs hulle oë opgeslaan het na die berge, sien hulle die swaarkry, die gevaarlike pad na die tempel, struikrowers, onbegaanbare paaie, rotse, klippe, dors sonsteek, yskoue nagte en watter gevare ookal. Sal hulle veilig in Jerusalem kan aankom? Sal hulle dit maak om by die tempel te kom waar hulle God kan aanbid en verheerlik? Daarom begin die Psalmdigter om deur middel van beurtsang, sy medereisigers te bemoedig.

Hy vra: Waar sal my hulp vandaan kom? Dan bely hy: “My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.” God het ons nie net geskape en aan ons lot oorgelaat nie, maar Hy gee ook aan ons al die hulp wat ons nodig het. Hy beskerm ons op so ‘n wyse dat ons nooit bang hoef te wees of te vrees nie. God is almagtig, alomteenwoordig, alwys, alsiende en Hy laat alles gebeur **volgens sy Raadsplan**. Ons het niks om te vrees nie.

Satan en sy demoniese magte probeer gedurig om ons van God af weg te trek deur vrees en deur allerhande versoekinge. Die gevare vir die gelowiges is hier op aarde, gevare wat selfs jou dood kan veroorsaak. Maar ons slaan ons oë op na God wat in die hemele woon en oor ons troon. God sluimer nooit in nie en Hy slaap nie, want Hy is nie ‘n mens nie. God bewaar ons. Ja God bewaar ons ook nou in hierdie tyd van inperking of “lockdown”. **Ses maal lees ons dat God ons sal BESKERM**. Hierdie beskerming is egter nie altyd soos wat ons dink of dit wil hê nie. Jesus Christus het self gebid dat die beker van die kruis by Hom moes verbygaan as dit sy Vader se wil was, maar dit was nie. Jesus Christus het nie aan ‘n virus gesterf nie, maar Hy het aan die kruis vir ons betaal. Hy het met sy liggaam en bloed, vrywillig betaal, sodat ons die ewige lewe kan hê. Selfs al word ons liggaam gedood, ons siel sal altyd lewe.

Daarom dat ons lees dat God ons sal bewaar, nou en vir altyd! Ja die ewige Jerusalem, die Hemele is ons einddoel. God sal ons bewaar vir die heerlikheid in die hemel waar daar geen virus, geen swaarkry, geen siekte, pyn of hartseer is nie.

(Ds. Gerrit Kruger Gereformeerde kerk Centurion. Sel 082 964 5595)

**Amen**

Gebed

Ons hemelse Vader, ons slaan ons oë op na die Berge waar sal daar vir ons hulp vandaan kom. Ons hulp is van U alleen. U sluimer nie in nie en U slaap nie. U waak oor ons elke minuut van die dag. Wat 'n groot genade en voorreg om te weet U is by ons. Vader help ons dra ons versterk ons in hierdie tyd. Gee dat ons nie net na onsself sal kyk nie, maar ook na ander, ander wat ons kan dien en vesorg en die blye vertroosting van Jesus Chirstus aan kan verkondig.

Versterk ons om in die geloof vas te bly. Vader bewaar ons van hierdie siekte as dit U wil is. Bewaar ons land en sy mense. Gee wysheid en insig aan die staatspresident. Ons bid ook vir hulle wat nog nie besef hoe groot en diep en ernstig die nood is nie.

Ons maak u Naam groot en bly U as die enigste Verlosser en Hulp.

Amen